

PULA IMVUILA

Gesonde lewendehawe = gesonde besigheid



DIT IS ALGEMEEN OM TE VIND DAT BAIE GRAANBOERE OOK VEEBOERE IS, WAARSKYNLIK OM DAT GEMENGDE BOERDERY EEN MANIER IS OM SEISOENALE RISIKO'S TE VERSPREI. DIE TWEË BOERDERYSTELSELS VUL MEKAAR AAN, BYVOORBEELD WANNEER 'N BOER SY MIELIES GEOES HET, WORD DIE DIERE TOEGELAAT OM OP DIE LANDE TE LOOP EN TE WEI OP DIE GRAAN EN RESTE WAT OP DIE LANDE AGTERGEBLY HET. DIE MIELIES WAT GEOES IS, IS OOK 'N NUTTIGE TOEVOEGING TOT DIE WINTERVOER RANTSOENE VAN DIE DIERE OM TE VERSEKER DAT HULLE KONDISIE DEUR DIE DROË WINTERMAANDE IN STAND GEHOU WORD.

Dit is altyd in die boer se beste belang om te kyk na dieregesondheid, omdat gesonde diere beslis waarde toevoeg tot die boerderybesigheid. Siek diere kos tyd en hulle kos geld! In die eerste plek is 'n gesonde dier in staat om die meeste siektes te weerstaan en hy kan ook makliker herstel indien hy siek word. Boere moet gereeld kyk na hulle diere om enige tekens

van swakheid op te spoor en vinnig te sien wat hulle daaraan kan doen. Die mees ervare boere weet wanneer hulle diere siek is. 'n Gesonde dier vreet goed en gereeld. Hy beweeg aktief rond op soek na kos, water en skuiling – gewoonlik saam met die res van die trop. 'n Dier wat vir lang tydperke alleen staan, is waarskynlik siek en het aandag nodig. Gesonde diere sal herkou en hulle sal maklik asemhaal. 'n Gesonde dier se houding sal ontspanne voorkom – sal nie mank loop nie, nie hangskouers hê nie en sy huid of vel sal 'n gesonde glans hê. Die oog is ook 'n goeie aanduiding van dieregesondheid, daarom wanneer jy na 'n dier kyk, kyk vir blink, helder oë. Die oë en die neus moet nie loperig wees of stink slym hê nie. Dit is net 'n paar van die tekens om na te kyk.

Nog iets wat die moeite werd is om te onthou, is dat een siek dier soms ander gesonde diere kan aansteek en 'n negatiewe invloed op die hele kudde se gesondheid hê! Wanneer so 'n siekte in die rondte is, kan 'n dier wat siek is weer aansteek – selfs al is hy reeds aan die herstel, omdat sy immuniteit reeds

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende produsente

LEES BINNE:

- 4 > Teken al jou finansiële transaksies aan
- 6 > Bestuur jou lewendehawe
- 7 > Wat is jou prioriteite?



4



7



Mme Jane sê...

Dit is Juliemaand en gewoonlik is hierdie een van die langste en minste belowende maande in die graanboer se kalender. Jy het seker al jou gewasse ge-oes, maar nog nie aan die nuwe seisoen se gewasse begin werk nie. Dit is 'n tyd vir rus voor dat jy weer begin werk. Die kort dae en lang nagte gee jou tyd om te slaap en krag te kry vir die besige seisoen wat voorlê – net soos diere wat gedurende die winter hiberneer om gered te wees vir die lente.

Sommige mense is steeds besig om hulle mielies te oes. Dit was 'n moeilike jaar – sommige lenteërens was laat en dus het mense laat geplant, sommige mense het genoeg reën gehad en het 'n goeie oes gehad, terwyl ander geen reën ontvang het nie en teleurgestel was. Ons moet altyd onthou dat selfs goeie kommersiële boere swak opbrengste kan kry – ons boer nie onderdak nie en ons is altyd afhanklik van die weer vir ons gewasse. Ons moet ons bes doen en dan hoop dat die reën betyds sal kom en die ryp sal wegblê totdat ons gewasse buite gevaaar is.

Die pryse vir gewasse was hierdie jaar beter as vorige jare en dit was vir boere moontlik om wins te maak. Onthou asseblief om te herbelê in jou boerdery en geld te hou vir insette vir die volgende seisoen. Waar moontlik, moet jy wisselbou toepas en verskillende gewasse op jou lande plant – byvoorbeeld waar jy hierdie jaar mielies gehad het, kan jy sonneblom/sojabone/droë bone plant. Probeer om nie dieselfde gewas elke jaar op dieselfde land te plant nie – jy sal 'n opbou van onkruid en verlaagde opbrengs kry.

Dit is baie belangrik om jou vee gedurende die winter te voer sodat hulle nie kondisie verloor nie. Droë gras het min voedingswaarde en jy moet aanvul met 'n goeie lek. Kry raad van ander boere en van voermaatskappye – daar is mense wat kennis het oor al die aspekte van produksie en wat jou sal bystaan.

En laastens, sorg dat jy warm bly!

Gesonde lewendehawe = gesonde besigheid



verswak het. As jou diere siek is en jou buurman se diere is ook siek, is die vlakke van die siekte in die gebied baie hoog en is dit moeilik om individuele diere gesond te hou. Dit gebeur ook waar daar baie onbeheerde bosluise en wurms is en dit is die rede waarom dit baie moeilik vir boere op kommunale grond is om hulle kuddes gesond te hou.

Diere se immuunstelsels

Die immuunstelsel is die natuur se manier om ons liggaam gesond te hou – selfs mense het immuunstelsels. Dit is die werk van die immuunstelsel om die liggaam te help veg teen kieme wat die liggaam aanval en dit siek maak. Die klein, maar ongelooflike kragtige immuunselle kan gevind word oor die hele liggaam, maar wanneer 'n spesifieke deel van die liggaam deur kieme aangeval word, kom hierdie selle na hierdie swak area om die kieme te beveg. Dit is asof 'n geveg plaasvind en twee weermagte oorlog voer as die immuunselle teen die aanvallende kieme veg. As die immuunselle suksesvol is, sal die dier gesond bly, as hulle nie sterk genoeg is om die hoof te bied teen die aanvallende kieme nie, sal die dier siek word en medisyne benodig. Een baie belangrike feit is dat die immuunselle op 'n wonderbaarlike manier leer om algemene siektes wat dikwels voorkom, te herken, soos bosluis oordraagbare siektes. Dit maak dit makliker vir die dier se immuunstelsel om die siektes vinniger te beveg. Ander siektes wat nie dikwels voorkom nie, sal nie deur die immuunstelsel herken word nie.

Dit is die rede waarom veeboere versigtig moet wees wanneer jy nuwe diere aankoop. Byvoorbeeld, diere wat gebore en grootgemaak is onder relatief siektewye omstandighede, moet nie ingebring word in gebiede waar hartwater of rooiwater voorkom nie, want hierdie diere se immuunstelsels sal nie die siekte herken en die diere beskerm nie, sodat hulle 'n onmiddellike invloed het en moontlik selfs kan vrek – wat 'n

vermorsing van jou belegging sal wees! Net omdat 'n dier se immuunstelsel een van die siektes herken, beteken dit nie dat dit outomaties vertroud sal wees met ander siektes nie. Inenting is een van die metodes wat boere gebruik om hul diere se immuunstelsels vertroud met 'n siekte te kry. Inentings sal 'n baie lige of swakker vorm van die siekte bevat, wat nie die diere sal doodmaak nie. Die immuunstelsel word ook versterk deur middel van 'n moeder se melk vir haar jong suigelinge en dit is waarom dit so belangrik is dat elke jong dier kolostrum en sy ma se melk inkry. Kolostrum is vol van die ma se immuunselle.

Voer en voedingsbronne is ook belangrik

As jou dier voortdurend honger en dun is, kan die immuunstelsel nie sy werk doen nie en die dier sal siek word. Daarom is dit van kritiese belang dat 'n boer sy vee korrek voer en so verseker dat hulle goeie kondisie handhaaf, selfs deur die kouer wintermaande wanneer weiding skaars raak. Proteïen lekke vorm 'n belangrike deel van 'n dier se winterdieet. 'n Dier wat goed versorg is en behoorlik gevoer is, kan selfs beter word deurdat sy eie immuunstelsel die stryd teen kieme voer en self sy goeie gesondheid handhaaf! Onthou ook dat diere wat behoorlik gevoer word, oor die algemeen geneig is om beter produksie siklusse te hê, vinniger terug in kalf sal kom, hoër hoeveelhede melk sal produseer en hulle sal vinniger groei.

Hierdie belangrike onderwerp sal later in meer detail gedek word. Laat dit 'n uitdaging vir elke boer wees om deeglik aandag te gee aan sy vee, sodat al die diere in sy sorg die beste geleentheid kry om hulle plek te verdien deur 'n waardevolle bydrae tot die boerdery as 'n geheel te lewer.



JANE MCPHERSON, PROGRAM-BESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE

Ontwikkelende boerdery gevier

IN DIE VORIGE UITGAWE VAN *PULA IMVULA*, HET ONS MEER MET LESERS GEDEEL OOR DIE HERKAPITALISERINGSPROGRAM. OP DONDERDAG, 17 MEI, TERWYL GRAAN SA SE NAMPO OESDAG AAN DIE GANG WAS, IS 'N FUNKSIE GEHOU WAARTYDENS VYF VAN DIE BEGUNSTIGDES VAN HIERDIE PROGRAM GEVRA IS OM DIE GEHOOR TOE TE LIG OOR HOE HIERDIE PROGRAM HULLE IN STAAT GESTEL HET OM BETER BOERE TE WORD.

Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA) het gaste verwelkom en het Stephen Modise (van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming) bedank dat hulle Graan SA as vennoot ingeneem het. Hy het genoem dat 'n volhoubare manier om boere te ontwikkel nou gevind is. Hierdie funksie is gehou om die tyd en moeite wat die span in hierdie projek belê het om "boere te oes, te vier.

Die voorsitter van Graan SA, Louw Steytler, het gesê dat die suksesse wat behaal is deur middel van samewerking hom trots maak om

'n Suid-Afrikaner te wees. "Laat ons voortgaan met die goeie werk," het hy geëindig.

William Matasane (Senekal), Jack Kokoma (Bothaville), Mponeng Lentoro (Bloemfontein), Michael Ramoholi (Theunissen) en Willem Modukanele (Welkom) het hul dank uitgespreek teenoor die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en Graan SA, in besonder me Jane McPherson (Programbestuurder van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir boere). Karabo Peele (nuut-verkose voorstander van die Mielietrust) het Graan SA geloof as die enigste betroubare organisasie wat boere oprig deur hul ontwikkelingsprogram. Hy het ontwikkelende boere aangemoedig om in hul besigheid te herbelê en nie geld op luukshede te mors nie.

Ongeveer 180 gaste het die funksie bygewoon, wat in die Donkerhoek Saal by NAMPO Park, naby Bothaville aangebied is.

LOUISE KUNZ, *PULA IMVULA* REDAKSIE



Die verskeie sprekers het die gaste toegespreek.

Teken al jou finansiële transaksies aan



VIR BEHOORLIKE FINANSIELIKE BESTUUR BENODIG JY INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE WINS/VERLIES POSISIE, DIE FINANSIELIKE POSISIE EN DIE KONTANTVLOEI POSISIE VAN JOU BESIGHEID. BRONDOKUMENTE VIR IEDER EN ELKE TRANSAKSIE MOET AANGETEKEN WORD OM JOU IN STAAT TE STEL OM BEHOORLIKE FINANSIELIKE STATE OP TE STEL.

In 'n vorige artikel is die eerste stap van finansiële bestuur bespreek. Die eerste stap behels dat 'n mens brondokumente vir elke transaksie van jou besigheid moet kry, dan moet dit genommer en behoorlik gelasseeer word. Soms kan dit selfs beteken dat jy jou eie brondokumente opstel.

Kom ons bespreek die tweede stap. Tydens die tweede stap moet jy al die brondokumente op een of ander manier aanteken. Die opname moet gedoen word om uiteindelik die drie finansiële state wat vereis word vir behoorlike finansiële bestuur, op te stel. Die drie finansiële state is:

- 'n **Inkomstestaat** wat die finansiële resultate – wins/verlies van jou besigheid aandui.
- Tweedens 'n **balansstaat** wat die finansiële posisie van jou besigheid aandui. Dit hou verband met die verhouding van bates tot laste van jou besigheid. Is jou besigheid op 'n veilige plek – kredietwaardig, of is jou besigheid riskant? Het jy baie laste?
- Derdens die **kontantvloeistaat** wat aandui of die invloei van jou kontant groter is as die uitvloei, of andersom. In die praktyk dui dit aan of jy genoeg kontant beskikbaar sal hê op enige gegewe tyd, soos aan die einde van 'n maand, om al jou verpligte na te kom. Byvoorbeeld, die betaling van lone, elektrisiteitsrekening, maandelikse paaiememente op rekeninge, ensovoorts.

Die aantekening van brondokumente kan met die hand gedoen word, of met die rekenaar, of met behulp van spesifieke programme wat ontwikkel is vir gebruik met 'n rekenaar. Voorts moet die opname gereeld gedoen word, verkieslik op 'n daaglikse basis, om die voordele van behoorlike finansiële bestuur te benut. Ongelukkig is hierdie stap nie

so eenvoudig nie en 'n mens sal opleiding benodig. Na die basiese opname, moet finansiële state opgestel word. Verkieslik moet hierdie state ten minste aan die einde van elke maand beskikbaar wees.

In ons bespreking konsentreer ons op die finansiële state wat nodig is vir behoorlike finansiële bestuur van jou besigheid. Vir inkomstebelasting doeleinades word 'n ander stel finansiële state aan die einde van die finansiële jaar vereis en dit kan dus nie gebruik word vir behoorlike finansiële bestuur nie.

Indien jy belangstel om aansoek te doen vir 'n lening, sal jy ook 'n stel finansiële state benodig om jou aansoek te steun. Hierdie state kan ook nie vir behoorlike finansiële bestuur gebruik word nie. Hierdie state word ook slegs opgestel wanneer dit benodig word en nie op 'n gereelde basis nie.

As gevolg van die ingewikkelde reëls en regulasies van die SAID word dit hoogs aanbeveel dat jy gebruik maak van professionele mense om aandag te gee aan die verskillende belastingaspekte van jou besigheid. Hierdie professionele mense kan ook help met dit wat jy nodig het om aansoek te doen vir 'n lening. Die opname en die opstel van finansiële state vir bestuur moet verkieslik self gedoen word – hetsy deur jou of iemand in die familie of iemand wat aangestel is om die werk te doen.

Vir behoorlike finansiële bestuur van jou besigheid, moet die finansiële inligting wat nodig is, op 'n daaglikse basis beskikbaar wees. Indien jy 'n trekker, 'n bul, saad, of wat ook al wil koop, moet finansiële besluite onmiddellik geneem word. Het ek kontant beskikbaar om te betaal vir die item of moet ek aansoek doen vir 'n lening? Moet ek die aankoop uitstel? Sal ek in staat wees om die lening terug te betaal? Hoe sal die aankoop die wins/verlies posisie van my besigheid beïnvloed?

Omdat die opname van alle brondokumente 'n bietjie meer ingewikkeld is – 'n bietjie praktiese raad. Dit word aanbeveel dat rekordhouding 'n aanvang neem met die rekord hou van ten minste al die inkomste en uitgawes. Om mee te begin kan dit gedoen word deur die opname van brondokumente in 'n tabel soos die een hieronder getoon.



Naam van Besigheid:

Jaar: 2012/2013

Inkomstes en uitgawes vir die maand 2012

Inkomste

Datum	Inkomste ontvang vanaf	Beskrywing van item verkoop of bron van inkomste	Dokument nr	R.c
Totale inkomste vir die Maand = I				

Uitgawes

Datum	Uitgawes betaal aan (Naam van besigheid)	Beskrywing van item aangekoop	Dokument nr	R.c
Totale uitgawes vir die Maand = E				

Resultaat vir die Maand: I - E (Indien E meer is as I is die resultaat -) = A

Resultaat vir die jaar tot en met die vorige maand = B

Resultaat vir die jaar tot en met die einde van die huidige jaar = A + B

Hierdie vorm kan maklik met die hand gedoen word, of deur die gebruik van die Excel-program op 'n rekenaar. Dit kan verleng of verander word om by jou persoonlike omstandighede aan te pas. Die resultaat van hierdie aksie sal al 'n baie goeie aanduiding van die wins/verlies van jou besigheid in totaal gee.

Van hier af kan 'n vorm vir elke onderneming van jou besigheid gedoen word – byvoorbeeld beeste, mielies, koring en skape. Op hierdie vorm sal jy dan alle inkomste en uitgawes aanteken wat jy maklik kan allokeer na 'n spesifieke onderneming, soos saad, kunsmis, voer, medisyne, insekdoers, ensovoorts. Maak dan 'n afsonderlike vorm vir alle ander inkomste en uitgawes wat jy nie kan toeken aan 'n spesifieke onderneming nie, soos diesels, herstelwerk en instandhouding, elektrisiteit, salaris, versekerings, skryfbehoeftes, rente betaal, rente ontvang en huur ontvang, wat ook as

oorhoofse inkomste en uitgawes bekend staan. Die resultaat van al hierdie vorms sal die resultaat van jou besigheid in totaal wees. In 'n boerdery onderneming is dit baie belangrik om die wins/verlies posisie van elke onderneming te leer ken. Wanneer 'n onderneming teen 'n verlies bedryf word, word dit gesubsidieer deur die ander winsgewende ondernemings en jy moet 'n besluit neem ten opsigte van die spesifieke onderneming.

Om in staat te wees om die geldsake van jou besigheid te bestuur, is daar geen ander manier as wat tot dusver beskryf is nie. Dit kos inspanning, maar jy sal voordeel trek deur in staat te wees om behoorlike finansiële besluite te neem. Onthou dat alles wat ons met betrekking tot ons besigheid doen, die wins/verlies van ons besigheid raak.



Bestuur jou lewendehawe

DIE MEESTE GRAANBOERE IN SUID-AFRIKA HOU OOK VEE AAN – DAAR IS BAIE MIN PLASE WAT NET BEWERKBARE GROND HET EN DAAROM IS DIT GOED VIR ‘N BOER OM BEESTE OF SKAPE AAN TE HOU OM SODOENDE DIE HELE PLAAS PRODUKTIEF TE GEBRUIK. NADAT DIE GEWASSE GEOES IS, IS DIT OOK ALGEMENE PRAKTYK OM DIE VEE TE LAAT WEI OP DIE GEWASRESTE.

In kommunale gebiede besit die meeste mense vee – die diere wei op die gemeenskaplike weiding gedurende die somermaande en gedurende die winter op die lande nadat die gewasse geoes is. Die uitdaging is nie om vee aan te hou nie, die uitdaging is steeds om die aantal vee binne volhoubare getalle te hou.

Hoeveel vreet ‘n koei per dag?

Indien jy weet hoeveel voer ‘n dier nodig het, is dit die eerste stap in die bepaling van hoeveel diere op die grond beskikbaar aangehou kan word. Die hoeveelheid voer wat deur een grootvee-eenheid vir een maand benodig word, staan bekend as ‘n grootvee-eenheid per maand. Een grootvee –eenheid word gedefinieer as ‘n 450 kg vleisbees met of sonder ‘n kalf wat suip, met ‘n daagliks vereiste van 10 kg droë materiaal voer. Daarom is een grootvee-eenheid per maand gelyk aan 300 kg droë materiaal voer (30 dae x daagliks voervereiste).

Om prakties te wees, ons is almal bewus van die ronde bale voer. Dit is veilig om te skat dat hierdie bale in die omgewing van 250 kg weeg. Ons weet dat een koei elke dag 10 kg droë materiaal benodig en so kan ons bereken dat een ronde baal een koei vir slegs 25 dae sal voed. Elke koei sal 1,2 ronde bale hooi vir een maand benodig. Op hierdie stadium verkoop ronde bale vir ongeveer R300 per baal (as jy as boer self die hooi vervaardig, kan jy die syfer van R180 per baal gebruik wat die hooi jou sal kos). Die hooi om een koei te voer vir een maand sal

jou in die omgewing van R360 kos. Dit is net vir die hooi. Om te verseker dat jou koei voldoende voeding kry wat haar gesond sal hou en elke jaar ‘n kalf kan produseer om te verkoop, sal jy haar ook ‘n goeie lek moet gee wat jou sowat R1,27 per dag sal kos. Die koste van die lek vir die maand is amper R40. Die totale voerkoste vir jou koei per maand kan dus bereken word op sowat R400 per maand.

Om die koeie van die veld af te voer

In die paragraaf hierbo, het ons die hoeveelheid droë materiaal wat deur elke koei per maand benodig word, bespreek. Of jy nou voer koop vir jou koei en of sy wei op die veld, jou koei moet elke dag 10 kg droë materiaal inkry (plus die lekke).

Dravermoë (drakrag), volgens sy mees basiese definisie, bepaal die maksimum aantal vee of wild wat ‘n habitat of ekosisteem op ‘n volhoubare basis kan dra. Ons weet almal dat elke streek in Suid-Afrika ‘n spesifieke dravermoë het – dit word bereken volgens die grond, reënval en gras vir elke streek. (Ons sal ‘n artikel oor die gras op ‘n later stadium doen).

Drakrag word bereken vanaf ‘n skatting van die jaarlikse produksie van verbruikbare plantegroei, gekoppel aan die vereistes van die diere vir voer en voedingstowwe. In baie gebiede van Suid-Afrika is die veld heeltemal verniel en dus kan ons nie eers die “normale” vee lading getalle gebruik nie. Veld wat vir ‘n lang tyd oorbewei is, kan dalk nooit herstel nie en dit mag nodig wees om die grasse te hervestig, wat ‘n duur oefening is.

Ongelukkig sien ons dikwels diere wat baie dun is en selfs diere wat van honger gevrek het. Ons as eienaars van vee, het die verantwoordelikheid vir die voer van ons vee. Jy kan eenvoudig nie die hek van die kraal oopmaak en aanvaar dat die koei in staat sal wees om genoeg gras te vind om te vreet nie. Hierdie diere loop die hele dag rond en eet plastiekaksake en ander gemors wat dikwels tot hulle dood lei.



Wat is jou oopsies?

Die meeste boere in ons program het te veel vee. Dit is onverantwoordelik – beide in terme van die vee wat op jou staatmaak vir hulle sorg en ook in terme van die skade wat jy aan die grond doen. Onthou dat geen grond ‘jou grond’ is nie – ons almal het die gebruik van die grond, maar ons moet verseker dat toekomstige geslagte ook in staat sal wees om die grond te kan gebruik en daarom moet ons daarna omsien.

Jy kan ‘n koei vandag verkoop vir tot R10 000 (afhangende van die ouderdom, gewig en kondisie). Jy sal moet sorg vir die voeding van jou ander diere tot November (teen daardie tyd behoort die gras al gegroeи het). Jy het dus ten minste drie maande voor waartydens jy moet voer. Onthou dat ons bereken dat dit R400 kos om een koei vir een maand te voer. R8 000 uit die verkoop van een koei sal 20 koeie vir ‘n maand voer. Onthou dat indien een koei vrek, jy R8 000 verloor.

‘n Wyse besluit is om soveel diere te verkoop as wat nodig is sodat jy genoeg inkomste het om voer vir die ander koeie te koop. Op hierdie manier kan jy jou plaas spaar vir toekomstige gebruik en verseker dat jou beeste goed gevoer en gesond is, sodat hulle ‘n kalf kan produseer vir jou om volgende jaar te verkoop.

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER
VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE

Wat is jou prioriteit?

OM NA MENSE TE KYK EN WAAR TE NEEM IS ALTYD INTERESSANT – WAT HULLE SÊ, WAT HULLE DOEN, WAARHEEN HULLE GAAN EN WAAROP HULLE HUL GELD BESTEE. ONS AS MENSE IS ALMAL VERSKILLEND INDIVIDUE EN ELKE PERSON HET SY/HAAR EIE BEHOEFTES EN BEGEERTES. JARE GELEDE HET MASLOW, ‘N GERESPEKTEERDE SIELKUNDIGE, HIERDIE KLEIN PIRAMIDE GETEKEN OM DIE HIËRARGIE VAN BEHOEFTES TE VERDUIDELIK.

Jy sal in die gepaardgaande tekening sien dat die grootste en mees basiese behoefte die **Fisiologiese behoefte** is – kos, klere, goeie gesondheid, rus, ensovoorts, die mees basiese dinge wat ons almal nodig het, ongeag ons ouderdom of tydperk in ons lewe.

Na hierdie mees basiese behoeftes kom die behoefte aan **veiligheid** (om vry te wees van vrees en blootstelling). In hierdie kategorie kan ons dalk behuising en beskutting plaas. Dit is die twee basiese behoeftes wat my dikwels laat wonder – dit lyk asof ons vandag in ons moderne samelewing steeds verward is oor wat eintlik belangrik is in die lewe.

In vandag se lewe is daar baie mense wat fokus op die boonste lae van die piramide voordat hulle die laer vlak behoeftes vervul. Jy kan net rondom jou kyk om te sien dat jong mense met duur en deftige motors



PULA IMVULA

Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.

GRAAN SA
PO Box 74087, Lynwood Ridge, 0040
► 08600 47246 ◀
www.grainsa.co.za

VERSPREIDING
Debbie Bothoff
► 08600 47246 ◀
debbie@grainsa.co.za

ONTWIKKELINGS KOÖRDINEERDERS
Danie van den Berg
Free State (Bloemfontein)
► 071 675 5497 ◀
danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Free State (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀
johank@grainsa.co.za
► Office: 051 924 1099 ◀
Dimakatsi Nyambose

Jerry Mthombothi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀
jerry@grainsa.co.za
► Office: 031 755 4575 ◀
Nonhlanhla Sithole

Naas Gouws
Mpumalanga (Belfast)
► 072 736 7219 ◀
naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz
Mpumalanga (Vryheid)
► 082 354 5749 ◀
jurie@grainsa.co.za
► Office: 034 980 1455 ◀
Sydwell Nkosi

Ian Househam
Eastern Cape (Kokstad)
► 078 791 1004 ◀
ian@grainsa.co.za
► Office: 039 727 5749 ◀
Janilee Bunting

Lawrence Luthango
Eastern Cape (Mthatha)
► 076 674 0915 ◀
lawrence@grainsa.co.za
► Office: 047 531 0619 ◀
Cwvaita Mpofyi

Toit Wessels
Western Cape (Paarl)
► 082 658 6552 ◀
toit@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK
Infoworks
► (018) 468-2716 ◀
www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.

Wat is jou prioriteit?



ry, selfone het en duur klere dra, 'n i-pad gebruik terwyl jy weet dat daar kinders by die huis is wat nie genoeg het om te eet of klere het om te dra nie. Wat gebeur met ons waardes?

Ons hoor skokkende stories oor jong moeders wat babas het en kindertoelae eis – maar nie die geld gebruik om die kinders te voed en te klee nie – hulle gebruik dit om duur klere, selfone en lugtyd vir hulself te koop. Dit was nooit die plan nie. As ons dit toelaat om voort te gaan, sal ons hele samelewing belas word deur 'n groot aantal kinders wat nie behoorlik gevoed en versorg is nie en ook nie opvoeding ontvang het sodat hulle hul plek in die ekonomie kan inneem nie. Die geld van kindertoelae is ingestel om die ma te help om die kind groot te maak – kos en klere en 'n opvoeding te gee.

Wat koop jy as boer aan?

As jy 'n boer is, is boerdery jou besigheid. As jy 'n besigheid het, moet jy belê in daardie besigheid. Wat is die belangrikste dinge wat jy as boer nodig het:

1. Grond om op te produseer;
2. Trekkers en masjinerie; en
3. Produksie insette.

Ek het onlangs gehoor dat boere gesê het dat

hulle nie 'n gewas kon produseer nie, want hulle het geen produksie-insette gehad nie, of omdat hulle trekker stukkend was. Dit is te verstande. Maar ek was geskok om te beseef dat hierdie boere R300 000 van 'n finansiële instelling geleent het om 'n dubbelkajuit-bakkie te koop! Sekerlik is dit meer belangrik om 'n trekker en masjinerie en produksie-insette te koop, voordat jy 'n bakkie koop!

Dit is presies waaroor prioriteit gaan – wil jy jou besigheid laat groei deur gesonde sakebeginsels, of wil jy hê mense moet na jou kyk en dink dat jy ryk is? Ek dink dit is tyd dat ons baie krities na onsself kyk – as jy 'n suksesvolle boer wil wees, moet jy eers in jou besigheid belê – die huur betaal vir jou grond (indien van toepassing), die koop van die trekkers en masjinerie wat jy nodig het, koop van insette vir die volgende oes, kyk na die basiese behoeftes van jou gesin en as daar nog geld te spaar is, dan kan jy dink oor 'n nuwe voertuig. Laat ons ophou om te probeer om spoggerig te wees en eerder ons prioriteit regkry!

JANE MCPHERSON, PROGRAM-BESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE